Valentynsdag

Wie is my valentyn?

Teks: Johannes 15: 5,7-8; 1 Joh. 4: 16

Hulpmiddels:
Vergroot boom met hartjies vir die aanbieding
Druk blaar motief uit vir elke kind of hulle kan dit self teken en uitknip
A4 gekleurde papier van keuse vir hartblom
Stokkie of pypskoonmaker
Gom en/of kleeflint
Inkleurkryte indien nodig
Versierings
Skêre

Welkom
Wat beteken dit as iemand vir jou sê hulle is lief vir jou of hoekom sê jy vir iemand jy is lief vir hulle?

Wyding
Laat kinders rustig sit en dink aan 'n keer wat iemand hulle styf vasgehou het toe hulle hartseer was of alleen gevoel het. Hulle kan anders sommer dink hoe dit voel as iemand hulle 'n lekker drukkie gee ook. Luister na die lied of enige van sy soort en dit kan dan na die tyd saam gesing word.
"Ek weet dat U my liefhet" https://www.youtube.com/watch?v=M44V8RVrlDI

Temalied
Enige gunsteling lied oor Jesus se liefde vir ons

Woord
Wat gebeur as ons vrugte of blomme pluk van takke af en dit net laat lê vir 'n rukkie?
Dit sal verlep of opdroog, dit het mos die takkie nodig om water en kossies te kry.

Weet julle, daar is so 'n storie in die Bybel oor vrug dra en dat ons takkies is wat mooi vrugte moet dra soos liefde?

Kom ons lees saam die storie uit Johannes 15: 5,7-8
"5Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. 7As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.
8Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees."
1 Joh. 4:16
"En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom."



Ons lees in die Bybel dat God ons eerste liefgehad het, en omdat ons Hom liefhet, bly ons in Hom en Hy in ons. So as Hy liefde is, dan is sy liefde in ons. Kyk na hierdie prentjie (wys die prent van die boom). As God die boomstam is en ons is die takke, dan vloei sy liefde so deur ons en ons moet hierdie liefde uitdra na buite - ons moet vrugte of blomme dra wat liefde vir almal wys!

Dit is wat hierdie Bybelgedeelte vandag vir ons leer! Net so kan ons verder in die Bybel lees van ander vrugte ook, maar vandag fokus ons op die liefde.

Werskaf
Maak jou eie valentyns blom:
Vou jou papier dubbel waarop jou blaarmotief is en knip dit uit. Kleur dit groen in. Vou dit nou om jou stokkie of pypskoonmaker en plak dit toe met jou gom.
Volg nou die video instruksies https://www.youtube.com/watch?v=xIt4wjwlOOI en maak jou eie hartjie blom wat jy bo-op kan vasplak.

Onthou om jou eie boodskappie binne-in te skryf of te plak.

Deel God se liefde met almal - maak dus meer as een as jy wil of daar tyd is!

Seënbede
Dank God elkeen vir sy liefde en vra Hom vir wie jy hierdie week liefde kan uitdeel.


God/Jesus
L I E F D E